# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

IMMER VOORWAARTS

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

31 Julie 2026
**NUUSBRIEF 22/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Ideal HSB Sportdag:** HSB se sportdag vind môre, **1 Augustus**, plaas. Kom deel gerus in die heerlike atmosfeer en ondersteun ons laerskoolspanne. Ons sê solank vooruit dankie vir **mnr. Darius van Loggerenberg** (Organiseerder), elke personeellid, ouer en leerder wat reeds ontsettend baie moeite gedoen het met die voorbereidings.

2. **Gimnastiek:** GIMNASTIEK IN BONNIEVALE

   Gimnastiek is 'n baie goeie gronsdslag vir kinders wat eintlik die basis vaslê vir alle ander sportsoorte. Navorsing wys dat vroeë blootstelling aan gimnastiek kinders help om 'n liefde vir fisieke aktiwiteit te ontwikkel wat hulle vir die res van hul lewens bevoordeel.
   Gimnastiek is een van die mees omvattende sportsoorte - dit bou nie net fisieke krag, balans en koördinasie nie, maar leer ook dissipline, selfvertroue en deursettingsvermoeë.

   Klasse word by Hoërskool Bonnievale aangebied deur gekwalifiseerde afrigters met 'n passie vir sport.
   Kontak : **Giani Swart 060 750 2552**

3. **Debat: Bonnies probeer alles!** Sewe leerders het op die **29ste Julie** HSB verteenwoordig by 'n **Debatskompetisie** in die Paarl wat deur die Afrikaanse Taalmuseum aangebied is. **Ricalin Adams** (gr.11), **Owaziyo Makutshi** (gr.12) en **Inathi Mabuthile** (gr.10) het aan die senior afdeling deelgeneem. Alhoewel hulle nie kon deurdring na die finaal nie, het hulle hulself steeds goed van hulle taak gekwyt en baie geleer, veral wat Afrikaans betref. **Retha-Mari Steyn** (gr.11) was saam as tydhouer. By die Juniors was die graad 9 klas goed verteenwoordig met **Xaynia Joubert**, **Libubuhle Tyhalisisu** en **Lunathi Mabuthile**. Hulle is vergesel deur **Robin Prins** en **Mev. Delport** wat albei ook as beoordelaars opgetree het.

4. **Uitteken van leerders:** Neem asseblief kennis van die volgende reëlings i.v.m. die uitteken van leerders tydens skoolure:

   - As die ouer self die leerder kom haal sal die ouer die uitteken boek by die sekretaresse moet teken.
   - Indien iemand anders as die ouer die leerder kom haal moet die skool asseblief verwittig word van wie die persoon sal wees.
   - As leerders stap/fietsry huistoe, moet die skool skriftelike toestemming verkry vanaf die ouer deur middel van sms,epos of whattsapp boodskap.

**5. Akademie:** Gr. 4 – 7 Oueraand is op Maandag 3 Augustus vanaf 16:00 – 18:00
Gr. 8 – 12 Oueraand is op Dinsdag 4 Augustus vanaf 16:00 – 18:00

**6. Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 1 Aug | HSB Ideal Sportdag<br>Juf Sané Nel verjaar |
| Ma. 3 Aug | Montagu Eisteddfod |
| Di. 4 Aug | LS Sport vs Bonnievale Primêr (tuis) |
| Wo. 5 Aug | Montagu Eisteddfod |
| Do. 6 Aug | 0.9 Netbal na Worcester (WNPS & WPS) |
| Vr. 7 Aug | Gr.3 Fondsinsameling<br>Gr. 5 Uitstappie |
| Sa. 8 Aug | Landloop Boland Kampioenskappe |
| Di. 11 Aug | LS sport vs Wakkerstroom-Wes (tuis) |
| Sa. 15 Aug | Interskole Franschhoek (weg) |
| Wo. 19 Aug | HS Redenaars |
| Do. 20 Aug | LS Redenaars |
| Sa. 22 Aug | Me Alma Hamersma verjaar |
| Ma. 24 Aug | SBL vergadering<br>Riversdal Eisteddfod |
| Di. 25 Aug | Juf Gerda Liebenberg verjaar<br>Riversdal Eisteddfod |
| Do. 27 Aug | Riversdal Eisteddfod |
| Vr. 28 Aug | Gr.7 Uitstappie |
| Sa. 29 Aug | o.9 Volveld Rugbydag |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

JY is genoeg!!

Rugby- en Netbaluitslae

# LS Ashton - 28 Julie 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | 0 | 9 | V |
| 8 A | 2 | 4 | V |
| 9 A | 11 | 3 | W |
| 10 A | 13 | 9 | W |
| 11 A | 4 | 5 | V |
| 12 A | 5 | 2 | W |
| 13 A | 14 | 6 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | 6 | 4 | W |
| 8 | 3 | 1 | W |
| 9 | 1 | 3 | V |
| 11 | 0 | 40 | V |
| 13 | 45 | 33 | W |




